NUUSFLITS OOR POPIA

Landwyd gons dit die afgelope paar weke oor die implementering van POPIA-wetgewing in kerkkantore. Inligtings-beamptes is aangestel, ’n aanvang is geneem in die saamstel van POPIA-handleidings en almal probeer meer verstaan waaroor POPIA gaan. Die afgelope week het baie kerkkantoorpersoneel met groot moeite probeer om te registreer as inligtingsbeamptes in terme van die POPIA-wetgewing. Die groot druk op die registrasiestelsel het egter veroorsaak dat die registrasies nie kon plaasvind nie en dit het tot groot frustrasie by gebruikers gelei. Die Inligtingsreguleerder het so pas aangekondig dat daar nie nou registreer hoef te word nie, maar dat nuwe datums later gekommunikeer sal word. Dit haal gelukkig nou baie druk af van die stelsel.

Kerkkantore moet egter asb daarop let dat die Wet wel op 1 Julie 2021 in werking tree en daar moet so spoedig moontlik aan die agt vereistes wat die wet stel voldoen word. Kerkkantore moet toesien dat die volgende so spoedig moontlik gedoen word:

- Die voltooiing van u POPIA-handleiding (sien https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#popia)
- Bewusmaking van POPIA onder u personeel en kerkraad. (VBO-kursus en Winkerk-kursusse is beskikbaar)
- Aanpas van u nuwe intrekkervorms
- Bevestiging deur bestaande lidmate dat hul data gebruik mag word.
- Indien u ’n webblad het die nodige skakels na u handleiding en proses om navraag te doen daarop aanbring.

Elke gemeente het prosesse in plek om lidmaatinligting op te dateer en te beveilg en lidmate word ook vriendelik versoek om so spoedig moontlik te reageer op versoeke van hul kerkkantore.

Dr Andrew Kok
Bestuurder: Argief
NG Kerk in Suid-Afrika | Sinode van Wes-Kaapland
Posbus 34, Stellenbosch 7599
021 882 9923 | 082 500 6758
argief@kaapkerk.co.za
https://kerkargief.co.za

Vrywaring | Disclaimer | isiLandulo - Klik hier.